Waar sit jou God?

Om buite die kassie oor God te dink

Coenie Nolte

Griffel

Geen deel van hierdie boek mag sonder skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer word of in enige vorm deur elektroniese, fotografiese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat-, band- of laserskyfopname, vermikrofilming, via die internet of e-pos of enige stelsel van inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Die Bybelteks wat in hierdie boek aangehaal word is, tensy anders vermeld, geneem uit die 1983-vertaling met herformulerings van die Bybel in Afrikaans. Kopiereg 1983, 1990 Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Waar sit jou God?
Uitgegee deur Griffel Media
www.griffel.co.za

Alle regte voorbehou
Kopiereg © 2008 Coenie Nolte

ISBN: 978-0-9814036-4-9

Bandontwerp: Studio Nica
Boekmaker: Thomas Mollett
Redakteur: Hendrik Venter
Gedruk en gebind deur Business Print Centre, Pretoria

There Is No God, the Wicked Sayeth

Arthur Hugh Clough

"There is no God," the wicked saith,
"And truly it's a blessing,
For what He might have done with us
It's better only guessing."

"There is no God," a youngster thinks,
"or really, if there may be,
He surely did not mean a man
Always to be a baby."

"There is no God, or if there is,"
The tradesman thinks, "'twere funny
If He should take it ill in me
To make a little money."

"Whether there be," the rich man says,
"It matters very little,
For I and mine, thank somebody,
Are not in want of victual."

Some others, also, to themselves,
Who scarce so much as doubt it,
Think there is none, when they are well,
And do not think about it.

But country folks who live beneath
The shadow of the steeple;
The parson and the parson's wife,
And mostly married people;

Youths green and happy in first love,
So thankful for illusion;
And men caught out in what the world
Calls guilt, in first confusion;

And almost everyone when age,
Disease, or sorrows strike him,
Inclines to think there is a God,
Or something very like Him.

Outeursnota

’n Paar bedankings:

Tydens die skryf van hierdie boek het ek gereeld dele daarvan aan vriende en kennisse gestuur vir kommentaar. Ek wil graag my vriend Albie Gibson bedank wat by talle geleenthede oor ’n lekker middagete geduldig na my geluister het en dan kundige en waardevolle insette gelewer het. Dankie ook aan dr Leon Oberholster, Carel van Wyk en Maretha Laubscher wat tyd gespandeer het om die dele wat ek aan hulle gestuur het krities te lees en vir die kundige terugvoer wat hulle gelewer het. Dit het baie bygedra om my te help bepaal of ek nog op die regte spoor is.

Baie dankie aan Thomas Mollett en almal by Griffel Media wat bygedra het om hierdie boek die lig te laat sien. ’n Baie spesiale woord van dank aan Hendrik Venter, wat as redakteur opgetree het. Sy wenke en voorstelle was van onskatbare waarde en het ontsettend baie bygedra om die inhoud meer sinvol en afgerond aan te bied.

Laastens, maar nie die minste nie, baie dankie aan my dogters Lizette en Marianne wat my aangemoedig en gemotiveer het om aan te hou toe daar tye was dat ek onseker was of ek moet voortgaan met die manuskrip.

Bowenal, baie dankie aan my vrou, Ria, wat nooit ophou om vir my te bid nie.

Inhoud

VOORWOORD ∫ 1

1. DIE VELE GESIGTE VAN GOD ∫ 3

2. IN OPSTAND TEEN DIE GODE ∫ 13

3. IS LATERALE DENKE OOR GOD MOONTLIK? ∫ 21

4. WATSE DING IS ’N NIE-TEÏS? ∫ 27

5. KAN MENS NOG DIE WAARHEID GLO? ∫ 31

6. IS GOD NIE MAAR NET DIE OU MAN MET DIE GRYS BAARD NIE? ∫ 57

7. LYK GOD DALK SOOS CHARLTON HESTON? ∫ 67

8. IS GOD NIE MAAR NET ’N SKEPPING VAN DIE MENSLIKE GENE NIE? ∫ 75

9. IS GOD NIE MAAR NET ’N BREINAKTIWITEIT NIE? ∫ 85

10. IS GOD NIE MAAR NET ENERGIE NIE? ∫ 97

11. IS GOD NIE MAAR NET ’N WOORD IN DIE WOORDEBOEK NIE? ∫ 105

12. IS GOD NIE MAAR NET DIE DENKBEELDIGE TUINIER NIE? ∫ 111

13. IS GOD NIE DALK ’N REGHOEKE SIRKEL NIE? ∫ 115

14. DIE ALTERNATIEWE GOD ∫ 133

BRONNELYS ∫ 141

Voorwoord

Op die agterblad van John Humphrys se boek *In God we doubt — Confessions of a failed atheist* verskyn die volgende sin: "Doubt is not the easy option. But for millions who can find no easy answers to the most profound questions it is the only possible option." Ek dink daar is net twee groepe mense wat nooit twyfel nie, fundamentalistiese gelowiges en fundamentalistiese ateïste. Natuurlik kan daar ook baie mense wees wat te lui is om te twyfel, want soos die aanhaling hier bo sê, is twyfel nie 'n maklike opsie nie. Dit het ek die afgelope 11 jaar uit eie ervaring ondervind.

Ek het in 'n "goeie" Christenhuis in 'n oorwegend Christen-gemeenskap opgegroei. Ek is as lidmaat van die NG Kerk voorgestel en aangeneem, het as kind gereeld kerk toe gegaan, gereeld gebid en alles gedoen wat van 'n "goeie Christen" verwag word. As volwassene was ek baie betrokke by die verskillende gemeentes waar ons gewoon het, as diaken, ouderling en "werker vir Christus". Dit was maar eers laat in my lewe dat die twyfel geleidelik ingesluip het. Maar toe ek my twyfelvrae in 1998 die eerste keer op skrif gestel en aan ons wykspredikant oorhandig het, was die koeël deur die kerk, by wyse van spreke. Daarna het die twyfelvrae net meer en meer geword en het skeptisisme geleidelik 'n vastrapplek in my lewe gekry.

Maar dit was die selfmoord van my 35-jarige dogter, Anli, wat die damwal finaal laat breek het. Ek was kwaad vir en ontnugter deur 'n God wat allerhande mooi beloftes maak, maar dan toelaat dat iets só afgryslik gebeur. Uiteindelik in een van die talle slaaplose nagte wat gevolg het, het ek tot die besef gekom dat ek nie meer glo in die God van my kerk nie. Ek het steeds geglo daar is 'n God, maar nie 'n "Goeie-Vader-God" soos ek deur my kerk en ouers geleer was om te glo nie. Ek het weggestap van my kerk en vertrek op 'n persoonlike soektog na God.

Hierdie boek probeer beskryf hoe my soektog tot dusver verloop het. Anders as die talle boeke deur militante of fundamentalistiese ateïste soos Richard Dawkins (*The God Delusion*), Christopher Hitchens (*God is not great*), Daniel Dennett (*Breaking the spell*) en Sam Harris (*The end of faith*) wat in die jongste verlede die lig gesien het en wat daarop uit is om geloof in God, en godsdiens in die algemeen, te probeer voorhou as die oorsaak van

al die ellendes van die wêreld, is my boek nie bedoel om 'n aanval op die kerk, teïsme of gelowiges te wees nie. As dit ent-ent so deur lesers ervaar word, wil ek hier beklemtoon dat dit nie die bedoeling is nie. Ek respekteer elke mens se reg om te glo soos hy of sy glo. Ek beny selfs die mense wat "ware" geloof gevind het. Al wat ek hier probeer doen, is om my eie soektog na God te probeer verwoord.

In Humphrys se boek waarna ek hierbo verwys, skryf 'n vrou aan hom na aanleiding van sy BBC-radioprogram *Humphrys in Search of God* die volgende: "If your search for God is genuine, you can let go now. You've put in the effort, you've done the praying and pleading, so it may be time to relax ... If you are to be given the gift of faith, you will receive it, but at a time God chooses ..." Dalk is sy reg, maar ek dink nie ek sal kan ophou soek nie. Op hierdie tydstip in my lewe is om op te hou soek nie 'n opsie nie. As daar 'n God is, sal ek hopelik ook eendag die gawe van geloof ontvang.

Coenie Nolte
9 Maart 2008

1

Die vele gesigte van God

"Waar is God?" het die swart dogtertjie vir die sendeling gevra nadat hy haar tot die Christendom bekeer het. En die sendeling het geantwoord: "Soek, en jy sal vind." En so begin die meisie se soektog na God deur die woude van Afrika. Al wapen wat sy saam met haar dra is haar knopkierie waarmee sy die wanvoorstellings van God of afgode wat sy op haar soektog teëkom, wil stukkend slaan.

Op haar reis ontmoet die meisie 'n hele aantal mense vir wie sy uitvra oor God. Die eerste wat sy ontmoet, is die Heer van die Leërskare, die Mamba God, die God van Noag, die vernietigende bloeddorstige god wat bloedoffers eis. Maar die meisie verwerp hierdie bose God en sit haar soektog voort. Nou kom sy die God van Job teë, die grootpraterige, twisgierige God wat net meerderwaardig grynslag as Hy te indringend uitgevra word waarom Hy die wêreld beide goed en sleg gemaak het. Die meisie verwerp ook hierdie God en sê: "Nee wat, daar is te veel ou mans hier wat dink hulle is God." Sy moet dus verder soek.

Vervolgens kom sy by die Prediker uit. Sy hou van hom, maar vind dat hy geen betekenis of sin in enigiets anders kan vind as in die genotvolle dinge in sy lewe nie. Sy reis verder en kom op die profeet Miga af. Miga verseker haar dat sy God geen offerandes verwag nie, slegs geregtigheid, liefde en genade en dat 'n mens in nederigheid saam met Hom moet wandel. Hierop antwoord die meisietjie: "Dit is die derde God, en ek hou baie meer van hom as die een wat offerandes wou hê of die ander een wat my in 'n argument wou betrek net om met my swakheid en onkunde die spot te dryf. Maar om geregtigheid te laat geskied of genade te betoon is maar net 'n klein deeltjie van die lewe veral as mens nie 'n baas of 'n regter is nie. En buitendien, watter nut is daarin om die pad van nederigheid te bewandel as jy nie weet waarheen jy op pad is nie." "Maar," sê Miga, "wat maak dit saak waarheen Hy jou lei. Loop maar net saam." Maar hiermee is die meisietjie nie tevrede

nie. “God het vir my twee oë gegee waarmee ek self die pad kan vind en ’n verstand om te gebruik. Hoe kan ek nou van Hom verwag om namens my te kyk en te dink,” sê die meisietjie en verlaat Miga om haar soektog voort te sit.

Nou kom die meisie by Pavlof uit wat haar vertel dat God ’n gekondisioneerde refleks is. Toe die meisie hom vra of hy nou enigsins slimmer is na sy refleksekseperiment, sê Pavlof: “I am not interested in wisdom. In fact I do not know what it means and have no reason to believe that it exists. My business is to learn something that was not known before. I impart that knowledge to the world, and thereby add to the body of ascertained scientific truth.” “Het jy al ooit gedink wat die uitwerking van jou eksperimente op ander mense se denke en karakters is?” vra die meisie. “Is dit die moeite werd om jou eie siel prys te gee en alle ander mense se siele die verdoemenis in te stuur net om meer oor ’n hond se spoeg uit te vind?” vra sy en sit haar reis voort. ’n Ent verder ontmoet sy ’n Romeinse soldaat. Vir hom is God die mag van die Romeinse ryk. Hiermee stem sy nie saam nie en slaan hom plat met haar knopkierie. Nou ontmoet sy ook vir Jesus wat vir haar sê: “I’m the poorest of poor whites; yet I have thought of myself as a king. Toe sy Hom vra “Wie is God?” antwoord Jesus dat God binne haar is en dat Hy ons Vader is. Maar hoekom ons Vader en nie ons Moeder nie, wil die meisie weet. “My pa het my van kleins af geslaan tot ek groot genoeg was om hom met my knopkierie plat te slaan,” sê die meisietjie. “En selfs na dit het hy nog probeer om my aan ’n wit baas soldaat, wie sy vrou oorsee agter gelaat het, te verkoop. Ek het nog altyd geweier om te sê: “Onse Vader wat in die hemel is”. Ek sê eerder: “Ons Oupa”. Ek wil nie ’n God hê wat my Vader is nie. Nou wil sy van Jesus weet wat God van die mens verwag, waarop Jesus antwoord dat God se gebod is dat jy jou naaste moet liefhê. Maar die meisietjie antwoord: “Hierdie ‘jy moet jou naaste liefhê’ is vir my, wat op soek is na God, nog ’n groter bespotting as vir die krygsman wat moet veg teen moord en slawerny, of die jagter wat moet doodmaak om te voorkom dat sy kinders van honger omkom. Ek sê vir jou, hierdie goed-vir-alles-gebooie van jou is nes die pille wat die skelms aan ons verkoop: dit werk een keer uit twintig, maar die ander negentien keer is dit nutteloos. In elk geval, ek is nie op soek na gebooie nie, ek is op soek na God.” Waarop Jesus dan antwoord: “Continue your search; and God be with you.” “To find him, such as you must go past me.” En toe verdwyn Hy.

Die volgende wat sy teëkom, is vir Petrus. Hy dra die kerk op sy rug en die meisietjie is besorg dat dit te swaar is vir hom om te dra. Maar Petrus

antwoord dat sy nie bekommerd hoef te wees nie, want die kerk is eintlik maar net van papier gemaak. Daar kom ook nog ander persone met kleiner en leliker papierkerke op hul rug aan en almal skree dat sy nie die visserman moet glo nie, maar eerder vir hulle. Hulle begin egter onder mekaar te stry en gooi mekaar met klippe sodat die meisietjie moet vlug om nie dalk deur die klippe beseer te word nie. Die volgende persoon wat die meisietjie raakloop is Paulus, die swerwende Jood. Hy vertel haar dat hy wag op die wederkoms. “Van wie?” wil die meisietjie weet. En Paulus antwoord: “He who said that I must tarry ‘til he comes. I have tarried beyond all reason.” Nadat sy Paulus verlaat het kom die meisietjie op die Karavaan van die Nuuskieriges af, die filosowe en wetenskaplikes. Vir hulle is God ’n blote fabel. Hulle het hul geloof in God verskuif na geloof in natuurlike seleksie. Maar die meisietjie vind hulle te twisgierig en sê hulle vra sommer net vrae om vrae te kan vra.

Aan die einde van haar soektog kom die meisietjie by Voltaire waar hy besig is om sy tuin te bewerk en sy advies aan haar is: “Die enigste antwoord wat ek vir jou kan gee, is dat daar nie veel meer is wat ons kan doen nie as om te probeer om ons eie tuin na die beste van ons vermoë te bewerk. “She finally settles down with Voltaire tending her own garden.”[1] George Bernard Shaw het hierdie boekie *The Adventures of the Black Girl in Her Search for God* in Knysna geskryf toe hy noodgedwonge in 1932 vir etlike weke daar moes oorbly.

Ek is 70 jaar oud en wit, maar net soos hierdie swart meisietjie is ek ook steeds op soek na God en het ek ook in hierdie soektog voorstellings van God teëgekom wat nie vir my sin gemaak het nie. Sowat vier jaar gelede, na die selfmoord van my dogter, Anli, het ek ook van die God van die NG Kerk waarin ek opgegroei het, weggestap. Maar ek het gou gevind dat al maak die belydenisskrifte van my kerk nie meer vir my sin nie, het ek steeds ’n hunkering na God. So het ek net soos die swart meisietjie op ’n soektog na God begin.

So, ek moet sommer hier reg in die begin bieg — ek is nie meer ’n “ware gelowige” nie. Of anders gestel — ek glo nie meer in die monoteïstiese konsep van God nie. Daarmee bedoel ek nie dat ek nie meer in die bestaan van die numineuse — van die goddelike as die gans andere — glo nie. Ek bedoel bloot dat ek weggestap het van die idee van ’n Persoonlike God soos ek dit in die verlede as NG-lidmaat verstaan het. Miskien is my teleurstelling in die God van die NG Kerk te danke aan ’n totale misverstaan van die hele kon-

1. http://www.nathanielturner.com/adventuresofblackgirl.htm

sep van God Drie-enig. Dit mag so wees, maar net soos daar persone is wat kan getuig van die dag en datum toe hulle wedergebore Christene geword het, net so kan ek getuig dat ek presies die datum, dag en tyd weet toe ek my geloof in die God van my kerk finaal verloor het. Dit beteken egter nie dat ek nou anti-God is nie. Waarskynlik bevind ek my nou eerder in die geledere van die skeptici, maar miskien is ek nie regtig 'n volbloed-skeptikus nie — miskien eerder 'n nie-vyandige skeptikus, of 'n simpatieke skeptikus. Ek aanvaar steeds dat daar baie blywende en universeel-geldende wyshede opgesluit lê in die heilige geskrifte, mites, stories, rituele en ander tradisies van die kerk waarin ek opgegroei het. En die verhaal van daardie man Jesus gryp my steeds aan die hart. Maar ek is beslis ook skepties omdat ek nie meer onvoorwaardelik met die naïwiteit van 'n kindjie die "waarheid oor 'Hom' soos aan my vertel" kan aanvaar nie. In Engels word daar verwys na "devout sceptics" en dan word bedoel, daardie soekendes wat nie meer die roetekaarte wat hulle van die gevestigde hoofstroom godsdienste ontvang het, onvoorwaardelik vertrou en dit sonder bevraagtekening navolg nie. Dit is mense wat aanvaar dat waarheid in 'n staat van voortdurende verandering (hopelik vooruitgang) is en daarom het hulle ontnugter geraak met die verstarde dogmas en belydenisskrifte van die hoofstroom godsdienste wat so min — of soms geen — respek toon vir hul lidmate se intellek nie.

Vir die skeptici is die waarheid altyd tentatief en anders as die ware gelowi-ges voel hulle hulself nie geroepe om andere tot hulle waarheid te "bekeer" nie. Daarom is hulle ook meer verdraagsaam teenoor ander gelowe en godsdienste. Dit is mense vir wie die dogmas van die georganiseerde godsdiens wat voorgehou word as die onbetwisbare en enigste waarheid, ooglopend nie te versoen is met die realiteit van hul daaglikse bestaan soos hulle dit in die hier en nou ervaar nie.

Sedert ek in Augustus 1998 my "twyfel" vir die eerste keer in 'n e-pos aan een van ons kerk se leraars op skrif gestel het, het daar baie dinge gebeur wat veroorsaak het dat ek voortdurend my posisionering soos dit op 'n betrokke oomblik was, in hersiening moes neem. In die sekulêre pers en ook in die teologiese tydskrifte is daar nou reeds vir etlike jare 'n baie lewendige debat oor 'n verskeidenheid van onderwerpe aan die gang wat verband hou met my selfondersoek en my eie soektog na die waarheid. Boeke soos dié van dr Willie Jonker (*Selfs die kerk kan verander*), dr Van Zyl Slabbert (*Afrikaner, Afrikaan*) en dr Willem de Klerk (*Die vreemde God en sy mense en Afrikaners: Kroes, Kras en Kordaat*), dr Ben du Toit (*God? Geloof in 'n Postmoderne Tyd*) en vele ander waarin daar meer krities na die

Afrikaner en sy kerk (geloof) gekyk word, het die afgelope aantal jare die lig gesien.

Die bekende Madelein van Biljon se erkenning dat sy nie 'n gelowige is nie en die ATKV se optrede daarna; Ruda Landman se 'Julle moet vir ons sê'-toespraak; Chris Louw se 'Boetmanbrief' in Mei 2000; die Christen-vrouetydskrif *Finesse* se optrede teenoor Riana Scheepers omdat hulle nie saamgestem het oor hoe sy Paasfees vier nie en die 'Nuwe Hervorming Netwerk' wat die land aan die gons gesit het (almal met gepaardgaande hewige en langdurige polemiek in die pers) is vir my 'n bewys dat ek "god-dank" nie die enigste soeker is nie.

Na my mening is die meeste (indien nie alle) Christen-Afrikaners tans 'n ontredderde klompie siele. Ons stoei onder mekaar, met mekaar, met die kerk, met ons voormalige kerk- en politieke leiers en sommer met almal wat in ons pad beland en ons wonder en wroeg oor wat ons nou te doen staan.

Ons het beweeg van 'n minderheidsgroep binne 'n geslote gemeenskap met baie mag (feitlik alle mag op politieke gebied) wat die land vanaf 1948 volgens ons spesifieke voorkeure, kultuur- en godsdienstige behoeftes regeer het en wat die meerderheid "ander" landsburgers in 'n voortdurende staat van ondergeskiktheid en tweederangse burgerskap gehou het (soms op die mees onmenslike, wreedste en vernederendste wyse, waarvan die meeste van ons salig onbewus was) na 'n totaal omgekeerde situasie. Tans bevind ons onsself in die posisie van 'n minderheidsgroep met geen magte, wat regeer word deur dieselfde mense wat voorheen deur ons beskou is as onwaardig om volle burgerskap in hul eie land te geniet. Ons voel bedreig deur die oop demokratiese gemeenskap wat nou tot stand gekom het met 'n nuwe meerderheidsregering wat nie meer voorkeur aan ons kultuurgoedere en godsdienstige oortuigings gee nie. Ons word deur die realiteit gedwing om te aanvaar dat die kultuurgoedere en voorkeure van die meerderheid nou voorrang geniet bo dié van ons as minderheidsgroep.

En ons wonder waarom God kon toelaat dat dit met sy "uitverkore volk" gebeur!

Tydens die Codesa- en Kempton Park-onderhandelinge en met die opstel van ons nuwe grondwet het die blanke politieke leiers gepoog om soveel beskerming as moontlik vir die blanke minderheidsgroep te beding. Hulle het, alles in ag genome, nie te sleg gevaar nie. Maar hoe meer die besef tot ons deurdring dat die wit minderheidsgroep tans in sommige gevalle aan dieselfde "onregverdighede" onderwerp word as waaraan ons ons ander landsburgers in die verlede onderwerp het, hoe meer "die moer in" word

ons. Nou wys ons die vinger na die nuwe maghebbers en beskuldig hulle omdat hulle nou presies met ons doen wat ons met hulle in die verlede gedoen het, en ons beklaag die onregverdigheid daarvan. En omdat hulle hulle nie veel steur aan ons "remoerdery" nie, verplaas ons nou ons woede na ons binnekringe en blameer ons mekaar oor en weer vir die gewaande "ellende" waarin ons onsself nou bevind. Die Chris Louws en ander "Boetmanne" is die moer in vir die ouer geslag politici wat hulle in 'n grensoorlog in gedwing het, waarvan die omvang nou eers regtig besef word; andere is die moer in vir hul kerk wat hulle "die helfte van die waarheid nooit vertel het nie" en voorgesê het om te glo dat apartheid op Christelike gronde geregverdig kan word en nog ander is vir F W de Klerk en die voormalige regering die moer in omdat hulle ons land aan die "kaffers" oorgegee het. En ons is die moer in omdat die nuwe grondwet nie meer die oppergesag van ons God erken nie.

Normaalweg, sou mens dink, sou sulke omstandighede daartoe gelei het dat godsdienste nader aan mekaar sal beweeg — dat die strydbyle tydelik gebêre sou word om eers saam te staan teen die bedreiging van 'n sekulêre staat. Maar moenie glo nie. Ons Afrikaners hou van stry, selfs al word ons deur 'n gesamentlike "vyand" bedreig en daarom stry ons steeds onder mekaar, soms selfs oor sulke nietighede soos of wyn uit kelkies of bekers tydens Nagmaal gedrink moet word.

Die nuwe bedeling in Suid-Afrika het, te midde van talle ander voordele, ook gehelp om talle Afrikaners die moed te gee om openlik standpunt oor godsdienssake in te neem en dit waarmee hulle nie meer saamgestem het nie of oor getwyfel het openlik te begin bespreek en te bevraagteken. Vroeër was dit baie moeilik, want as jy dit sou waag om "moeilike" vrae te vra is jy dadelik gebrandmerk as dislojaal, 'n ondermyner, vyand van die kerk, volk en vaderland, handlanger van Satan en net goed genoeg om vir ewig in die hel te gaan brand.

Die "nuwe" openbare godsdiensdebat is hier in Suid-Afrika sowat ag jaar gelede ingelei deur Ruda Landman, bekende televisiepersoonlikheid, toe sy in Mei 1999 die volgende in 'n toespraak tydens 'n vergadering van die Suid-Transvaalse Sinode van die NG Kerk gesê het: "Vir mense wat professioneel opgelei is, en na programme soos *Discovery* kyk, is dit regtig nie meer moontlik om aan Adam en Eva as historiese persone te glo nie. Ek kan nie my kennis oor evolusie en fossiele ontken nie. Dit ondergrawe jou geloof as die kerk steeds van 'n mens verwag om "soos 'n kind te glo" — om nie ons wetenskaplike kennis met ons geloof te integreer nie. Die kinder-

like geloof waarmee ons geslag grootgemaak is, bots eenvoudig met ons hedendaagse vlak van kennis en inligting tot ons beskikking" … "Ek glo nie dat God sewe mensdae lank gewerk het en toe op die sesde dag twee modderpoppies gemaak het, lug in hulle neusgate geblaas en gesê het stáán nie. Mense glo en aanvaar lankal nie meer dat die Bybel woord vir woord deur God voorgesê is nie. Ons glo nie meer aan Jona en die walvis nie. Ons glo nie meer aan Adam en Eva nie. Ons aanvaar deesdae in die Bybel dit waarmee ons saamstem en lees oor die res. Julle sê nie vir ons hoekom dit is nie … hier is soveel goed wat deesdae skynbaar nie meer net so aanvaar word nie, hoe moet ek dit verstaan? Julle moet dit vir ons sê."[2]

Hierdie toespraak van Landman het 'n heftige debat in die sekulêre pers en teologiese publikasies tot gevolg gehad. En toe tref die Boetmanbrief van Chris Louw die land soos 'n verdwaalde mortier uit die grensoorlog gevolg deur die Jesus Seminaar-debat wat deur Sakkie Spangenberg en Hansie Wolmerans-hulle aan die gang gesit is. Die debat word egter nie net in die sekulêre pers en teologiese publikasies gevoer nie. Ook op die internet is daar verskeie Afrikaanse webwerwe waar daar hewige godsdiensdebatte gevoer word. Op Litnet (die Groot Goddebat van 2002/2003), Die Nuwe Hervorming Netwerk se webblad, Kletskerk en selfs die sanger Steve Hofmeyr se 'blog' word warm debatte gevoer oor God en godsdiens. Hierdie debatte word self tydens kunstefeeste soos die KKNK as deel van die feesprogram aangebied.

Maar die debat vind nie net tussen gelowiges en skeptici plaas nie. Ook binne die geloofsgemeenskappe van verskeie kerke vind daar debatte oor 'n verskeidenheid van geloofskwessies plaas. Mag vrouens ook tot kerklike ampte verkies word? Mag Nagmaalswyn ook uit kelkies gedrink word of moet dit net uit Nagmaalsbekers bedien word? Mag persone met 'n homoseksuele oriëntasie kerklike ampte beklee? Moet die Belydenis van Belhar as bykomende belydenisskrif in die NG Kerk aanvaar word of nie?

In Julie 2007 het sowat 35 NG Kerklidmate, -predikante en -teoloë van regoor die land met die medewete van sommige kerkleiers in die ooste van Pretoria byeengekom om oor die teologiese koers van die NG Kerk te praat. Die groep glo dat die gesag van die Bybel "as die Woord van God in mensetaal" in bepaalde NG kringe en deur sommige NG dosente afgewater word. Hulle meen die NG Kerk is besig om sy mense te verloor vanweë die kloof tussen lidmate wat hulle geloof daagliks wil uitleef en sommige predikante en teoloë wat hulle soms met 'n "oppervlakkige teologie" besig hou. Die

2. *Algemene Kerkbode*, Maanduitgawe van *Kerkbode,* 14/15 Mei 1999

kerk verkeer in 'n ernstige krisis, meen hulle. Omdat die groep so in die algemeen verwys na "sommige predikante en teoloë" wil ander kerkleiers nou hê hulle moet die name noem van die persone na wie hulle verwys. En so is die tafel gedek vir nog meer debatte.

In die buiteland, veral Engeland en die VSA, word net sulke lewendige debatte oor God en godsdiens gevoer. Op 27 Maart 2007 het Intelligence 2, 'n debatsvereniging in Londen, byvoorbeeld 'n debat gereël oor die onderwerp: 'We'd be better off without religion'. Weens die ongekende belangstelling moes hulle die debat verskuif na 'n groter saal en was die kaartjies lank voor die tyd uitverkoop. Sprekers wat die debat ingelei het was prof Richard Dawkins, prof A C Grayling en Christopher Hitchens wat ten gunste van die "mosie" gepraat het en rabbi Julia Neuberger, prof Roger Scruton en Nigel Spivey wat teen die mosie gepraat het. Voor die aanvang van die debat het 44% van die mense ten gunste van die mosie gestem maar na afloop daarvan het hierdie persentasie opgeskuif na 58%.[3]

In die VSA waar 35% van die bevolking glo dat die Bybel die onfeilbare woord van God is en letterlik verstaan moet word en ongeveer 230 miljoen mense verklaar dat hulle aan 'n alomteenwoordige, alwetende en almagtige God glo wat die outeur van die Bybel is en nagenoeg 120 miljoen mense glo die aarde is 6 000 jaar gelede geskape, is die debat tussen gelowiges en nie-gelowiges net so lewendig. Terwyl ek in Augustus 2007 aan hierdie manuskrip werk, is daar byvoorbeeld 'n deurlopende debat op die internet aan die gang tussen die bekende Amerikaanse teoloog, Douglas Wilson, en die ateïs Christopher Hitchens, skrywer van die boek *God is not Great* wat reeds op 'n wyer front 'n heftige Internet gesprek aan die gang gesit het.[4] 'n Ander debat tussen die ateïs Sam Harris en pastoor Rick Warren oor die vraag 'Is God real?' word in die bekende Amerikaanse tydskrif *Newsweek* se uitgawe van 9 April 2007 gepubliseer. Harris is die skrywer van boeke soos onder andere *Letter to a Christian Nation* en *The End of Faith: Religion, Terror and the Future of Reason*, waarvan meer as 'n kwartmiljoen eksemplare verkoop is en wat die 2005 PEN/Martha Albrand Award for First Nonfiction verower het. Hierdie twee boeke het eweneens tot hewige openbare debat gelei en ten spyte van die heftige kritiek wat dit veral uit Christelike kringe ontlok het, is daar resensente wat sê Harris verwoord in hierdie boeke die gedagtes van baie mense in Amerika oor die rol wat godsdiens tans in die openbare lewe in die VSA speel.

3. http://www.intelligencesquared.com/past_events.php

4. http://www.christianitytoday.com/ct/2007/juneweb-only/122-52.0.html

Mens wonder onwillekeurig waarom daar skielik weer in die Westerse lande so 'n oplewing in die debat oor God en godsdiens is. Waarskynlik het die gebeure van 11 September 2001 toe godsdienstige fundamentaliste met passasierstralers in die World Trade Centre vasgevlieg het, asook die aanslae op die moltreinstelsel in Londen, baie te doen met die debat wat tans tussen gelowiges en nie-gelowiges in die VSA en Brittanje gevoer word. In 'n artikel van prof A C Grayling wat op 26 Maart 2007 in die Londense koerant *The Telegraph* verskyn het sê hy: "There is an increasingly noisy and bad-tempered quarrel between religious people and non-religious people in contemporary society. It has flared up in the past few years, and has quickly taken a bitter turn. Why is this so? As one of those participating in it — and, confessedly, contributing to its acerbity — my answer might seem partisan. But both sides of the current dispute agree that it raises important questions about the place of religious belief in modern society."[5] Volgens Grayling is daar drie redes vir die toenemende bitsigheid in die debat tussen gelowiges en nie-gelowiges. Die eerste rede is dat tot onlangs gelowiges nie so openlik te koop geloop het met hul geloof nie. Tweedens is die gemeenskap besig om ten opsigte van die vernaamste aspekte toenemend sekulêr te word.

Derdens dra die herinneringe aan die moorddadige gevolge van godsdienstige faksievorming van die verlede daartoe by dat mense nie graag wil sien dat die probleem herleef nie. Hy sê die voortslepende nagevolge van godsdienstige faksievorming in Ierland dien as 'n wrang waarskuwing. "But all the major religions have become more assertive, more vocal, more demanding and therefore more salient in the public domain," sê Grayling. Dit is teen hierdie optrede van die geloofsgemeenskappe wat die nie-gelowiges en skeptici beswaar begin maak. Volgens hom bedreig die optrede van godsdiensgroepe (kerke) die de facto sekulêre reëling ingevolge waarvan vrye en verskillende standpuntinnames toegelaat word om in vrede saam te bestaan. Hy sê die geskiedenis het bewys dat in gemeenskappe waar een spesifieke godsdiens dominant word, dit lei tot 'n baie ongemaklike situasie vir andersdenkendes en in heel uiterste gevalle kan dit moontlik uiteindelik lei tot 'n soort Taliban-regering indien een godsdiens 'n gemeenskap oorheers. Volgens Grayling deel alle godsdienste dieselfde intellektuele geloofwaardigheid, bewyse en rasionele verantwoordbaarheid as die bestaan van feetjies. So 'n opmerking maak gelowiges woedend en hulle beskou dit as beledigend vir hul geloof en dit lei dan tot hewige en soms bitter debatte.

Skrywers soos Grayling, Harris, Hitchens en Dawkins (*The God Delu-*

5. http://www.telegraph.co.uk/portal/main.jhtml?xml=/portal/2007/03/26/nosplit/ftreligion126.xml

sion) dra egter nie eintlik veel nuuts by tot die debat oor godsdiens, God en ander verwante kwessies wat nie reeds 200 jaar gelede deur mense soos Hume, Voltaire, Diderot en Kant, of ander denkers van die 'Enlightenment' geopper en deurtrap is nie. Dieselfde voorbeelde van die vergrype wat in die naam van godsdiens plaasgevind het, word maar net weer keer op keer aangehaal. Die debat bly nogtans relevant, want anders as wat mens aldag besef, oorheers godsdiens en die geloof in God, Allah, Jahweh, Ganesh die Olifant God, Shiva die Almagtige plus die res van die Hindoe-gode en nog talle ander gode, te veel om hier te lys, die alledaagse lewe van miljarde mense regoor die aardbol. Daar is mense wat meen dat as ons net van alle gode ontslae kon raak, daar baie minder twis, verdeeldheid, onmin, stryd en oorloë in die wêreld sou gewees het. Ander meen weer dat al was daar ook net een of geen god, die mensdom steeds in dieselfde twis en tweedrag, indien nie meer, sou gelewe het en dat die etiese reëls en morele kodes van die godsdienste van die wêreld in der waarheid verhoed dat meer oorloë en bloedvergieting voorkom. Mens sal dus onwillekeurig wonder of dit beter is om te glo as om nie te glo nie. Maar voor die vraag beantwoord kan word, sal mens seker eers wou seker maak wat presies onder die begrip 'geloof' verstaan word, en daarmee saam, wat bedoel ons wanneer ons van 'die waarheid' praat. Voor ek egter daarby kom, eers 'n yslike klip in die bos!